## 17 Januarie Daniël 4:10-27

### *Breek met die sonde*

Die Here wou aan Nebukadnesar genade bewys. En in die proses het die Here vir Nebukadnesar eers belangrik en sterk gemaak, maar hom daarna tot op die grond afgebreek. As sukses hom nie daartoe bring om die Here te erken nie, dan sal vernedering hom dwing om sy oë na die hemel op te hef. Nebukadnesar het rustig en voorspoedig in sy paleis gewoon - trots en arrogant oor alles wat hy bereik het. Totdat die Here Homself weer aan Nebukadnesar bekend gemaak het. Daniël se raad aan die koning was om met die sonde en ongeregtigheid te breek. Hy moet wegbreek van die sonde ... hy moet dit in stukke breek ... hy moet hom daarvan losmaak, dit uitlos, dit op 'n afstand sit. En as hy na 'n volle jaar dit nog nie doen nie, dan breek die Here hom! Maar God gee weer sy genade as Nebukadnesar na die hemel opkyk om hulp. Die Here wou aan Nebukadnesar genade bewys, en het hom gebring tot waar hy Hom aanbid. Watter groot geleentheid is dit nie vir gelowiges om nooit moed op te gee wanneer dit oor die Evangelie en geloof in Jesus Christus gaan nie. Niemand kan op die end weerstand bied teen die kragtige God as Hy besluit om te red nie. Kom ons luister as die Here met ons praat. Breek met hoogmoed, ongeregtigheid, slinksheid, oneerlikheid en sonde in jou lewe. God gaan ons nie los nie. Hy sal ons bystaan in die preses om ons oë in afhanklikheid op Hom te rig.

Sing: Psalm 33:11 Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)